higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 A
1.4 D
1.5 C
1.6 B
1.7 D
1.8 D
1.9 A
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 B
3.2 F
3.3 A
3.4 E
3.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Aktiwiteite wat die een of ander kombinasie van tyd, liggaam, vorm of sielkundige waarde verskaf, bv kitskos, mediese behandeling, vervoer, onderwys, ensovoorts.

4.2 ’n Versameling idees wat algemene reëls uiteensit oor hoe om ’n onderneming te bestuur

4.3 Laesterkte-, groot verpakking vir substanse wat ’n klein gevaar inhou

4.4 ’n Verpligting teenoor die samelewing deur die individu wat vir die skepping van afval verantwoordelik is

4.5 ’n Beginsel wat aanvaar dat afval of ’n geïdentifiseerde kontaminant van afval sowel hoogs gevaarhoudend as toksies is, totdat anders bewys word.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1



- Enige 4 punte vir die korrekte komponente/prosesse,

bv Insette; Transformasieproses; Uitsette; Terugvoering; Stelsel; Omgewing; ens.

- Enige 4 punte vir die korrekte voorbeelde onder die prosesse,

bv *Insette* − Grondstowwe, Mensehulpbronne, Kapitaal, Tegnologie;
Transformasieproses − Werknemers se werksaktiwiteite, Bestuursaktiwiteite, Tegnologie en bedryfsmetodes;
Uitsette − Produkte en dienste✓ Finansiële resultate, Inligting, Menslike resultate
Terugvoering − resultate✓, organisatoriese status, ens

- 1 punt vir enige toepaslike tekening/model

(9)

5.2

- Effektiewe en bekwame bestuur en beplanning van die sektor✓ beïnvloed die ekonomiese ontwikkeling en maatskaplike welstand van die land beduidend✓.
- Aangesien die doel en rol van ’n effektiewe vervoerstelsel is om die groei van die ekonomie te bevorder,✓ is vervoerbestuur en -beplanning van strategiese belang om vraag en aanbod bymekaar te bring.✓
- Wanneer nasionale en internasionale handel belemmer word deur vervoerdienste wat onbetroubaar, stadig, of andersins oneffektief is,✓ sal die vooruitgang van die ekonomie gestrem word.✓
- Nog ’n strategiese faktor wat oorweeg moet word, is dat hoewel vervoerdienste ’n belangrike komponent uitmaak om die welstand van die hedendaagse samelewing en die sukses van baie ondernemings te verseker, dit ook tot negatiewe eksternaliteite aanleiding kan gee.

(Any 6 × 1) (6)

5.3
- Formuleer mensehulpbron-bestuurstrategieë, -beleide en -planne.
- Adviseer en staan bestuurders by met werknemerwerwing, -opleiding en -ontwikkelingsprogramme.
- Hou personeelrekords en verskeie personeelverwante stelsels in stand.
- Monitor indiensnemingskoste en produktiwiteitsvlakke.
- Koördineer beroepsgesondheid- en veiligheidsprogramme en -praktyke.
- Pas oorbodigheid- en ander werknemerafleggingsbeleide toe wanneer en waar nodig.
- Ontwikkel en implementeer prestasiebestuurstelsels om individuele en spanwerkverrigting te beplan, beoordeel en verbeter.
- Verteenwoordig die onderneming in onderhandelings met vakbonde.
- Vestig en bestuur effektiewe werksplekverhoudings.
- Bestuur veranderingsprosesse in die maatskappy.
- Bestuur programme vir rehabilitasie of om terug te keer werk toe.

(Enige 4 × 2) (8)

5.4
- Die volgorde van kliënte/plekke wat besoek moet word
- Die kortste roete wat gevolg kan word om reiskoste en -tye tot die minimum te beperk

(2)

5.5 Pad✓
- Dit is geskik, maar kan verbeter word deur die voertuig te begelei wat produkte met hoë waarde vervoer ✓

Spoor✓
- Dit is nie veilig om items met hoë waarde te vervoer nie, behalwe in gevalle waar diefstal nie maklik is nie, soos in die vervoer van motors. ✓

See✓
- Dit is betreklik veilig, maar word gewoonlik gebruik vir die vervoer van groot houervrag, waar diefstal nie maklik uitgevoer kan word nie. ✓

Lug✓
- Dit is baie gerieflik vir produkte met hoë waarde, en danksy beperkte verliese is dit maklik om op te spoor en na te speur. ✓

Pypleiding ✓
- Dit kan vir ’n baie beperkte reeks produkte gebruik word. ✓

(Enige 5 × 2) (10)
[35]

VRAAG 6

6.1 Dit is die proses waarvolgens die aktiwiteite van ’n organisasie, veral dié met betrekking tot beplanning en besluitneming,✓ weg van ’n sentrale, gesaghebbende lokaliteit of groep versprei of gedelegeer word✓ en onder kleiner faksies in die organisasie verdeel word.✓ (3)

6.2 6.2.1 Die sekuriteit en veiligheid van sowel passasiers as goedere terwyl dit in transito is, is belangrike faktore waaroor sake-eienaars deeglik moet besin.
Die vlak van veiligheid en sekuriteit wat benodig word, hang af van die tipe onderneming, maar by die meeste ondernemings hou vervoerveiligheid verband met die onderneming se netto wins.
Goedere wat in transito wegraak, hetsy weens ongelukke, kaping, diefstal/stelery of swak bestuur, hou ’n ernstige bedreiging vir ondernemings se werksaamhede in.

Die invloed van vervoerveiligheid op bedrywe soos reis en toerisme word dikwels beklemtoon wanneer organisasies, en selfs lande, hul burgers waarsku om versigtig te wees wanneer hulle in die land reis.

Burgers van lande wat veilige en betroubare vervoerstelsels het, kan twee keer dink voordat hulle vir ontspanning of werk na ’n land met ’n minder betroubare vervoerstelsel reis.

(Enige 2 × 1)

6.2.2 Met verbeterde vervoerstelsels moet baie ondernemings mededinging van ’n wyer reeks mededingers hanteer.
Hierdie verhoogde mededinging is nie slegs van plaaslike en binnelandse maatskappye afkomstig nie, maar ook toenemend van buitelandse markte.

Verbeterde vervoer en konnektiwiteit gee aan ondernemings in Suid-Afrika groter toegang tot buitelandse markte, wat mededinging en keuse in die tuismark van buitelandse produsente verhoog. Internasionale handel bied ook aan plaaslike ondernemings die geleentheid om skaalbesparings beter te benut, wat hul koste en pryse laat daal en derhalwe binnelandse verbruikers in die proses bevoordeel. (Enige 2 × 1)

(2 × 2) (4)

6.3
- Die versorging wat in transito benodig word wanneer goedere vervoer word
- Die digtheid van die goedere, met ander woorde die massa-tot-volume-verhouding
- Grootte en deelbaarheid, wat deur die fisieke afmetings van ’n vrag bepaal kan word
- Bergbaarheid en gemak van hantering wat deur die vorm van die goedere bepaal kan word
- Potensiële las van goedere wat deur hul waarde-tot-massa-verhouding, broosheid, vatbaarheid vir diefstal en potensieel gevaarhoudende eienskappe beïnvloed en bepaal kan word (4 × 2) (8)

6.4
- Vervoermodus
- Tipe produk
- Transitokapitaal
- Veroudering
- Verpakking
- Versekering
- Breekskade
- Stelery, kaping, diefstal
- Agteruitgang
- Geografie
- Skaalbesparings
- Energie
- Infrastruktuur
- Bobelastings, tariewe, permitte, tolgelde
- Regulasies (Enige 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Mobiele hyskraan op vragmotor gemonteer (1)

7.1.2
- Abnormale vrag wat dimensie of afmetings betref ✓

'n Voertuig/kombinasie van voertuie is abnormaal met betrekking tot afmetings wanneer enige van die afmetings soos lengte, wydte, hoogte, oorhange, vragprojeksies, asafstand, ens.✓ die wetlike beperkings oorskry✓ (nie nodig om al die afmetings te vertoon nie).

waar ✓

- Abnormale vrag wat massa betref ✓

Wanneer die toelaatbare massa van die voertuig/kombinasie voertuie, of een of meer asgroepe✓ die wetlike beperkings oorskry✓ (7)

7.1.3
- Die kapasiteit van die voertuie soos deur die vervaardiger beoordeel
- Die vrag wat deur die buitebande gedra mag word
- Die skade aan padplaveisel
- Die strukturele kapasiteit van brûe en duikers
- Die vermoë van die primêre kragbronne
- Die lading op die dryfaste
- Die lading op die stuuraste (Enige 3 × 2) (6)

7.2
- Die kleur van die vlae moet helderrooi wees.
- Hulle moet die totale lengte en wydte van die voertuig of vrag aandui.
- Dit moet styf vasgemaak wees aan die vrag op die voertuig.
- Dit moet op die verste hoeke van die voertuig of vrag geplaas word.
- Dit moet minstens 600 mm × 600 mm wees.
- Dit moet skoon wees en ruimte hê om te wapper. (Enige 4 × 2) (8)

7.3
- Die persoon wat daarvoor verantwoordelik is om die bedrywighede te monitor, moet al die ingewikkelde berekenings rakende massa en dimensionele abnormaliteite, brug- en infrastruktuurrisiko's uitvoer.✓✓
- Hy/sy is ook verantwoordelik vir aspekte soos:
- Gewigverspreidingsmetodes en -materiale en oppervlaklading
- Vrag se omgewings- en koolstofvoetspoor
- Voertuigstruktuur en lasdraende kapasiteit
- Kragte op vrag, voertuigversnelling-implikasie, rollende tydperk
- Om seker te maak van metodes en materiaal asook berekenings
- Stabiliteitsberekenings vir hoë en breë vragte
- Spesiale oorwegings
- Amptelike monitering van abnormale vragte word uitgevoer deur die uitreikingsowerheid in samewerking met die tersaaklike verkeersowerheid verantwoordelik vir begeleidingsdienste.
- Dit kan ook departementele ingenieurs betrek om die skade te monitor wat aan padoppervlakke, brûe en duikers aangerig word.
- Telkom en Eskom moet ook hul infrastruktuur monitor om te verseker dat dit nie 'n veiligheidsrisiko veroorsaak tydens die vervoer van vragte wat 5,5 m en 5,8 m in hoogte oorskry nie.
- Hulle moet ook 'n voertuig begelei in gevalle waar die vrag uiters hoog is en die roete nie deur enige van hulle skoongemaak/ontruim kan word nie.

(Enige 4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Ontvlambare vloeistof ✓
is 'n vloeistof wat maklik by omgewingstemperature ontsteek, ✓ met ander woorde dit het 'n vlampunt by of onder die nominale drumpeltemperature wat deur 'n aantal nasionale en internasionale standaardeorganisasies gedefinieer word.✓ (3)

8.1.2 Toksiese/giftige materiale ✓ en besmetlike middels ✓ (2 × 1) (2)

8.1.3
- Lugsakpompe ('inflators')/-modules
- Asbes
- Litiumbatterye
- Uitdyende ('expandable') polistireenballetjies
- Asetaldehied-ammoniak
- Ammoniumnitraatgebaseerde kunsmis
- Items met anestetiese eienskappe
- Soliede droë ys (Enige 3 × 1) (3)

8.1.4 Klas 1 (1)

8.2
- Staaldromme: Dit word gebruik vir vlambare vloeistowwe en gifstowwe.
- Plastiekdromme: Dit word gebruik vir ’n brandende of korroderende stof wat metaalhouers sal korrodeer.
- Swaar, geïsoleerde vate: Dit word vir hoogs radioaktiewe goedere gebruik.
- Geïsoleerde flesse: Dit word gebruik om vloeistowwe met ’n uiters lae temperatuur te omvat.
- Silinders: Dit word vir saamgeperste gas gebruik. (5 × 2) (10)

8.3
- Die interpretasie en implementering van die instruksies op ’n TREM-kaart
- Algemene pligte van die bestuurder voordat hulle op ’n roete vertrek, rakende spesifiek − maar nie beperk nie tot − die toestand van die voertuig, die dokumente wat in die voertuig gehou moet word, instruksies oor die roete wat gevolg moet word, waarskuwingstekens en toestelle wat in die voertuig uitgestal of gebêre moet word, die korrekte tipe en aantal brandblussers wat in/op die voertuig aangebring moet word en beskermende kleredrag wat gebruik moet word.
- Algemene gedrag van die bestuurder wat op die roete verwag word, soos beplanning van stilhouplekke vir aflewerings of die nagaan van bande en voertuig, en die prosedure om te volg by stilhouplekke, tydperk van bestuur wat toegelaat word, optrede om te volg in die geval van ’n insident.
- Algemene prosedures wat die bestuurder moet volg wanneer hy/sy by die bestemming aankom
- Algemene prosedures om te volg wanneer gevaarhoudende goedere op- en afgelaai word (Enige 3 × 2) (6)

8.4 8.4.1 Wanneer die omvang van die noodplan omskryf word, is dit belangrik om te onthou dat die dokument ten doel het om alle insittendes van fasiliteite of voertuie vertroud te maak met die prosedures wat tydens ’n noodgeval geïmplementeer moet word, en moet dus besonderhede oor standaardbedryfsriglyne gee wat in die verskillende stadiums van ’n noodgeval gevolg moet word.

8.4.2 Moet ’n logiese volgorde volg, maklik leesbaar wees en aan die begin van die plan ingesluit word.

8.4.3 ’n Duidelike en eenvoudige definisie van wat ’n noodgeval op die maatskappyterrein en op die pad behels, en die verskillende vlakke van noodgevalle wat moontlik is, moet verskaf word.

8.4.4 Die tipes noodgevalle moet duidelik omskryf word, bv brand, ontploffings, stortings, gaslekke, burgerlike oproer, ens.

8.4.5 Die plan moet geskikte ontruimingsprosedures bevat wat voorsiening maak vir besoekers aan die perseel, permanente personeel en die bestuurder. Dit is ’n kritieke taak om tydens ’n noodgeval rekenskap te gee van personeel en besoekers aan die perseel en moet ’n hoë prioriteit in die plan beklee.

(5 × 2) (10)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou